

## ANC en DA is dit eens om Witman se eiendom te vat

Die leier van die DA, Mmusi Maimane, het hom by die besluit van die ANC aangesluit en steun die standpunt dat die Witman se grond onteien moet word. Maar die DA sê die Wittes moet vir hulle grond vergoed word.

Die ANC se propagandaveldtog dat die Witman dié grond van sy wettige swart eienaars gesteel het, gaan voort. Omdat die Witman dit gesteel het, is daar nie vergoeding ter sprake nie, sê die ANC.

Intussen het blanke politieke partye en organisasies deurlopend die ANC en sy leiers uitgedaag om die bewyse te bring dat die Witman Suid-Afrika gesteel het. Die HNP het herhaaldelik daarop gewys dat daar duidelike geskiedkundig-gedokumenteerde bewyse is dat Suid-Afrika aan die Witman behoort en die Afrikaner se vaderland is.

TLU SA het 'n beloning van R100 000 aangebied vir enigeen wat kan bewys watter deel van die land deur die Witman gesteel is. Mnr Pieter Groenewald, leier van die VF+, het op 7 Maart in die ANC-parlement in vraetyd die ANC-staatshoof uitgedaag om te sê watter grond in Suid-Afrika deur wie gesteel is en wanneer dit gebeur het. Hy wou weet of 'n klag van diefstal by die Polisie gelê is.

Die propaganda van gronddiefstal is natuurlik blattante leuens.

Nou het Ramaphosa verder gegaan en die res het uiteindelik uitgeglimp. Dit gaan nie net oor landbougrond nie. Eiendom in stede en dorpe gaan ook gevat word. Ramaphosa kan gerus maar met die hele sak patats na vore kom: beleggings, spaargeld, pensioene, ja alle eiendom (besit) kan van die Witman gevat word en herverdeel word.

Wat Ramaphosa doen, is om die inhoud van die *Freedom Charter* uit te voer. Die voorskrif daarin lui soos volg: “*all the land shall be redivided amongst those who work it...*” en verder “*the national wealth of our country, the heritage of all South Africans, shall be restored to the people.*” En dan moet ons nie vergeet nie dat die Blankes in Suid-Afrika volgens die ANC koloniste is en nie deel van die “people” is nie.

Die hoofswep van die ANC, Jackson Mthembu, sê die grondwetwysiging oor grondbesit is nou dringend.

Dit moet voor die verkiesing in plek wees.

Die DA en Maimane moet egter saam in die koor sing, want dit gaan oor swart stemme in 8 Mei se verkiesing. In beginsel is daar geen verskil tussen die ANC en die DA nie.

Die aanslag is teen die Witman. TLU SA en die VF+ se uitdagings is in die kol en dit is lank reeds bekend dat die HNP nie 'n duim toegee aan die swart eise nie en die leuen oor eienaarskap deurlopend beveg.

Die leier van die HNP, mnr Andries Breytenbach, sê ons het hier met naakte kommunisme te doen. Die ANC (en ook die ander swart-bemane politieke partye) wil totale beheer oor die Witman hê. Dit is 'n magsisteem. Alles wat die Witman opgebou het, alles wat hy besit, moet van hom weggeëem en verdeel word. Die vernietiging van dit wat reeds onder ANC-beheer is en hoe dit dag na dag in duie stort, is reeds duidelik sigbaar.

### Afrikaans sneuwel as regstaal

Regsstudente sal voortaan nie meer in Afrikaans kan kwalifiseer nie.

Hoofregter Mogoeng Mogoeng het reeds in 2017 beslis dat slegs Engels die verslagtaal in houe sal wees.

Die Regspraktykraad het op 4 Maart aangekondig dat alle prokureurs en advokate se toelatingsvraestelle slegs in Engels geskryf kan word. Universiteite het reeds daarby ingeval om opleiding slegs in Engels aan te bied.

Dit beteken nie dat mense wat in die hof verskyn, nie Afrikaans mag praat nie. So 'n persoon moet egter van 'n tolk gebruik maak.

In die praktyk beteken dit dat Afrikaans as regstaal verdwyn.

## Verkiesingmalheid

Met die aanloop tot die bestel se verkiesing op 8 Mei, is dit opmerklik, soms lagwekkend, maar ook selfs skokkend om die spronge en argumente daarvoor te sien.

Met die verkiesingskoors in die lug word nugtere denke en rasionele argumente nie meer gehoor nie. Verkiesingsdebatte wat oor verskeie radiosenders gehoor word, is eerder sirkusvertonings, en regdenkende mense besef dan weer eens hoe futiel dit is om daaraan deel te neem. Niks het nog verander nie nadat oudregter Johan Kriegler na die 1994-verkiesing dit met 'n bordeel vergelyk het.

Die gevaar van hierdie verkiesing is egter dat daar veral in sakekringe sterk gepleit word dat die ANC gesteun moet word. Daar is nog naïewe mense wat glo dat Cyril Ramaphosa die antwoord vir die land en veral die ekonomie is.

Dis onbegryplik dat mense wat redelik intelligent voorkom, met sulke bogtery kan besig wees.

Sedert Ramaphosa by Zuma oorgeneem het, het net mooi niks verander nie. Trouens, in baie gevalle gaan dit selfs slegter.

Al wat Ramaphosa tot dusver gedoen het, is om kommissies van ondersoek in te stel, wat 'n nuwe ekstra las op die reeds leë belastingkas plaas. Niemand is nog vir korrupsie of staatskaping aangekla en vervolg nie. Van die ministers wat openlik daarby betrek is, dien nog in sy kabinet.

Ramaphosa is die een wat onteiening sonder vergoeding dryf. Hy het al verklaar dat dit nie by landbougrond gaan bly nie, maar dat dieselfde in die stede gaan gebeur. Net soos die boeregemeenskap reeds miljarde rande verloor het deurdat hulle grond se waarde met 'n derde gedaal het na die onteieningsaankondiging, gaan stedelike eienaars ook groot geld in waarde verloor sodra plakkerskampe op elke beskikbare stukkie grond opgerig gaan word.

Ramaphosa is die een wat al hoe meer verklaar dat Wittes grond van Swartes gesteel het. Dink die wit sakemanne, hoe ekonomies swart bevoordeeld hulle ook al mag wees, dat hulle dit gaan vryspring?

Toegegee, as mens na die partye, hulle kandidate en hulle beleid kyk, en hulle optrede in hierdie tyd beoordeel, is daar bitter min keuses. Maar Ramaphosa en sy kommunistiese ANC-bende is beslis die laaste wat ondersteun kan word.

Die beste keuse bly maar om weg te bly.



## Kommentaar

### Die agtergeblewenes

Met die groot bohaai wat oor kwotas in skoolsport gemaak is, was daar weer in die oortreffende trap verwys na die voorheen benadeeldes. Daar word ook al meer van die begrip agtergeblewenes gebruik gemaak.

Die Blankes daarenteen word sedert die onwettige bewindsoorname in 1994 al meer van sy regmatige aandeel in die ekonomie beroof deur die sogenaamde regstellende aksie. Die Witman daarenteen, en die Afrikaner in die besonder, het 'n ingeboude trots en verantwoordelikheid en wil om te oorleef en om te kan presteer.

Die vraag wat gevra moet word, is hoe lank kan die skuld vir die swart agterstand nog vir apartheid gegee word?

In 1994 kry die agtergeblewenes toe die politieke mag. En met daardie mag het hulle toegang tot die staatsdiens, kry hulle voorkeur in alle sektore van die ekonomie, kry hulle beheer oor staatsondernemings en staatsinstellings. Dit is nou 25 jaar later. Jong Swartes van 25 jaar en jonger ken geen ander orde as dié van die ANC nie. Maar hulle is steeds agtergeblewe. Dit is steeds apartheid se skuld. En die blanke jeug? Hulle hoor die propaganda van die verskrikking van apartheid. En hulle moet die skuld dra dat die swart bewind in 25 jaar niks kon verander aan die toestand van die swart bevolking nie wat vir altyd agterblyers wil wees.

Wat was die feite onder apartheid? Hoe het die blanke regering as voog van die swart bevolking opgetree? *Sake-Rapport* skryf op 3 April 1977: "*Blankes raak al hoe armer*". *Die Transvaler* van 12 Desember 1977 skryf: "*Swartes se koopkrag die hoogte in*". *Die Vaderland*, 15 April 1977: "*Swartes se inkomste styg 112% in 5 jaar*". *The Star* skryf op 5 Desember 1980: "*Swart loonverhogings hoër as lewenskoste*".

Jan Botha, 'n erkende opponent van dr Verwoerd, skryf in sy werk *Verwoerd is dead*: "...the Verwoerd government had launched the greatest programme of socio-economic upliftment for the non-Whites that SA had ever seen".

Botha skryf verder: "*By the time he died, Verwoerd had built his own monument... the white people had been forged together in unity, the country was military strong and resilient, the police and security forces were effectively dealing with all attempts at subversion and infiltration, the country's economy was dynamic, expanding and had become largely self-sufficient*".

Só het die Afrikaner die land regeer. Dit het goed gegaan met al Suid-Afrika se mense. Daar was goeie volkereverhoudings, bykans geen werkloosheid nie en "SA is 'n skitterende voorbeeld van vrede op 'n beroerde kontinent". (*Rand Daily Mail*, 30 Julie 1966)

En vandag? Hoe lyk Suid-Afrika vandag na 25 jaar van ANC-bewind en regstellende aksie? Hoe lyk die land se ekonomie? Werkloosheid? Staatskuld? Volkereverhoudings? Eskom? SABC? Die Suid-Afrikaanse Lugdiens? Dienslewering?

Die Afrikanervolk kan met trots terugkyk na 'n era van sukses. En ons kan uitdagend sê: Ons sal weer daardie Suid-Afrika herbou!



## Die dwaasheid van onteiningsplanne

Dit kom algemeen voor dat liberale kommentaar in die media die ANC-leier Cyril Ramaphosa nog steeds as die groot hoop vir Suid-Afrika wil voorhou. Hy sou dan nie so erg wees as ander faksies binne die ANC nie, en daarom moet hy liever nie krities behandel word nie. Hy is glo die faktor vir gematigdheid; en sy woorde beteken net dat hy al die faksies in die ANC tevrede wil hou. Die uitspraak dat die Reserwebank genasionaliseer moet word, moet ons maar verstaan as simboliese woorde, of as 'n "ongelukkige keuse" van woorde. Dis glo net verkiesingspraatjies.

Insgelyks word Ramaphosa se uitspraak dat grond en geboue binne die stedelike gebiede ook onteien sal word, as verkiesingspraatjies bestempel. Dit het byna geen reaksie van die groot korporasies en eiendomsmagnate in Suid-Afrika uitgelok nie. Hulle behoort tog te besef wat besig is om te gebeur. Wanneer 'n regering eenmaal die beginsel van private eiendomsreg verwerp het, soos in die geval van die landbou, is daar niks wat dié proses na ander gebiede van die ekonomie sal keer nie. Die plan om die reserwebank te nasionaliseer is een voorbeeld; die plan om erwe en geboue sonder vergoeding te onteien, is 'n ander voorbeeld. Sedert 1994 word kulturele eienaarsreg op skole en universiteite verontagsaam.

Hierdie grypgees en vyandige gesindheid spreek baie duidelik uit die verklarings dat alles wat "die blankes gesteel het" nou teruggevat moet word – 'n oproep wat Ramaphosa dikwels herhaal. Hulle sal egter nooit aantoon hoe, waar, wanneer en wat deur Blankes "gesteel" is nie. Daar word net 'n algemene storie versprei om sodoende die vyandskap teen Blankes aan te wakker en te bewys hoe "radikaal" die ANC is. Dit gee hulle dan die reg om grond van Blankes te steel, so beweer hulle.

Die ANC storm voort sonder enige sweem van verstandige beplanning. Die meeste van die bestaande swart lokasies en plakkerskampe is reeds naby aan nywerheidsgebiede. Hulle weet dat hulle in die blanke dorpe en stede nie maklik werk kry nie. Binne die blanke dorpe sal swart eiendomme vinnig krotbuurte word. Ons sien dit in ons groter stede soos Johannesburg, Durban, Port-Elizabeth, en sekere dele in die Kaap. Plakkers het byvoorbeeld in Houtbaai ingetrek en dit

het 'n probleem geskep wat niemand wil of kan oplos nie.

Onlangs het die *Pretoria News* berig oor die vervalle geboue in die middestad van Pretoria, asook in Arcadia en Sunnyside. Ons het gesien dat die stadsowerheid woonstelgeboue in Schubartsraat te midde van betogings en geweld moes sluit. Swart inwoners kla dat daar nie na hulle veiligheid omgesien word nie, dat dienste in die geboue nie herstel word nie, dat infrastruktuur beskadig of gesteel word. Intussen word hul geboue bevuil, die toilette werk nie en vullis word nie verwyder nie. In baie geboue werk die hysbakke ook nie meer nie.

Wat het dit alles veroorsaak? Ontwikkelaars of die eienaars het net nie meer die moed of die geld om herstelwerk te doen waar die inwoners dit verniel, nie huur betaal nie, en nie standarde volg nie. Die klage oor "onveiligheid" spreek boekdele. Met die instroming van Swartes uit Afrika en vanuit die lokasies het hierdie stedelike gebiede gevaarlike gebiede geword.

In Johannesburg het Swartes van die geboue in die middestad letterlik "gekaap". Woonstelle word aan die brand gestee om die eienaars se beheer te verbreek. Die kapers samel dan self die huurgeld van die plakkers in. Dink die ANC dat hierdie patroon nie sal voortduur nie?

Waar eiendomme van Blankes gesteel word, sal Swartes toestroom en sal die besetting van grond of geboue die reël wees. Blankes sal sulke gebiede verlaat omdat die waarde van hul eiendomme onmiddellik begin daal. Boukontraakteurs sal weier om werk te doen omdat materiaal geplunder word. En geen stadsraad of owerheid sal dit kan keer nie.

Boonop skep dit die voorwaardes vir die onregmatige bevoordeling van politieke vriende en allerlei vorme van korrupsie. Eiendomme sal goed moontlik nie instandgehou word nie, en misdaad sal hand oor hand toeneem. Voeg werkloosheid in die prentjie en die toekoms vir die dorpe en stede sal donker wees. Wie gaan werklik beheer uitoefen oor so 'n program? Die sentrale regering sal die verantwoordelikheid moet oordra aan munisipaliteite, terwyl ons reeds gesien het hoeveel van hulle disfunksioneel en korrup geraak het. As die "nuwe inwoners" nie hul kragrekening betaal nie, wat sal van daardie stadsrade word? Mens kan ook voorspel dat meer onwettige immigrante na sulke dorpe en stede sal stroom. Die gevolg sal wees dat ewels soos roof, voertuigkapings, taxi-oorloë, dwelmmisbruik, prostitusie en mensehandel drasties sal toeneem. Oral in Afrika gebeur dit.

Daar is nie genoeg werk vir miljoene werklose Swartes binne die blanke dorpe en stede nie. Behuising moet immers planmatig voorsien word waar ekonomiese ontwikkeling plaasvind. Die ANC en Cyril Ramaphosa wil bloot Blankes se regte vertrap, hul eiendomme oorneem en oral gunste uitdeel aan hul vriende, familieleden en lede van die party. ■



# Waarom Reserwebank nasionaliseer?

Op 16 Januarie (in Johannesburg) en weer teen einde Januarie vanjaar (in Davos, Switzerland) het die ANC-staatshoof gesê daar is geen sprake dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank genasionaliseer sal word nie. Op 7 Maart kondig Ramaphosa in die Parlement aan dat dit wel gaan gebeur.

Politieke kommentators wys daarop dat die ANC by sy 54e nasionale konvensie (die ANC se hoogste besluitnemingsliggaam) in Desember 2017 besluit het dat die Reserwebank genasionaliseer moet word. So 'n besluit by die nasionale konvensie moet binne vyf jaar uitgevoer word.

Ramaphosa se aankondiging in die Parlement het tot gevolg gehad dat die Rand skerp verswak het.

Die voorsitter van die HNP, mnr Hermanus van der Schyff, sê die werklike redes vir die nasionalisering is



nog nie bekend nie. Die vraag is wie is Ramaphosa se adviseurs en wie gaan die beheer oor die bank kry wanneer dit deur die staat besit word? Mnr Van der Schyff bespiegel dat 'n ekonomiese groepering van Suider-Afrikaanse state nie uit die oog verloor moet word nie. Suid-Afrika en Ramaphosa kan daarin 'n belangrike rol speel.

Met die Reserwebank in die hande van die staat sal die ANC in 'n posisie wees om baie meer geld te druk. Die geldvoorraad is die grootste rede wat inflasie verhoog. 'n Verhoogde inflasie sal Suid-Afrika se ekonomie nog verder in duie laat stort.

In Davos het Suid-Afrika se staatshoof een standpunt. In sy eie parlement het hy 'n ander een. Hoe moet Ramaphosa in die oë van Westerse Eerste Wêreldlande lyk?

Die ANC-verkieping in Mei vanjaar het natuurlik ook die saak verhaas. Die EFF blaas in die ANC se nek. Benoude katte maak benoude spronge, sê mnr Van der Schyff.

## Suid-Afrika se boere woedend oor leuens

### • Word beskuldig as gronddiewe

Mnr Louis Meintjes, die president van TLU SA, sê in 'n verklaring dat TLU SA oorval word deur lede wat woedend is omdat hulle as gronddiewe en onnodig vir die landboubedryf beskryf word.

“Ons lede is moeg daarvoor om gereeld die sondebok gemaak te word terwyl ons hard werk om Suid-Afrika se tafels vol kos te hou.”

Tydens 'n paneelbespreking by die Woordfees op Stellenbosch is dié aanslag opnuut op die boere van Suid-Afrika gemaak. Dr Piet Croucamp van die NWU het aan dié bespreking deelgeneem. Stellings is gemaak wat impliseer dat die boere van Suid-Afrika misdadigers is. Daar is ook beweer dat die boere die grond waarop hulle boer, gesteel het.

Mnr Meintjes sê alle navorsing dui daarop dat geen boer sy of haar grond gesteel het nie. “Ons het, as TLU SA, selfs al 'n beloning van R100 000 uitgeloof vir enige persoon wat kan bewys dat die kommersiële boer sy grond gesteel het. Ons geld is nog steeds veilig in ons bankrekening.”

“Grondeienaars beskik oor titelaktes wat deur die staat uitgereik is wat hom of haar die wettige eienaar van die grond maak. Hierdie ultra-linkse politieke uitlatings is besig om ons geskiedenis te probeer herbou terwyl TLU SA daarop fokus om 'n toekoms te bou vir almal in die land,” sê mnr Meintjes.

RIETBOKSTRAAT 2  
POSBUS 298  
THABAZIMBI  
0380

2 RIETBOK STREET  
P.O. BOX 298  
THABAZIMBI  
0380

TEL: (014) 777 1618/87  
FAKS: (014) 777 1618  
FAKS NA E-POS: 086 614 1129  
E-POS: spien@iantic.net

TEL: (014) 777 1618/87  
FAX: (014) 777 1618  
FAX TO E-MAIL: 086 614 1129  
E-MAIL: spien@iantic.net

**S.J. PIENAAR**  
PROKUREUR  
ATTORNEY

**SCHALK JACOB PIENAAR**  
B.PROC (U.P)

LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY  
AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER

WEBBLAD: www.sjpienaar.net

PROKUREUR AKTEVERVAARDIGER BOEDELBEREDERAR TAKSATEUR ARBEIDSKONSULTANT  
ATTORNEY CONVEYANCER ADMINISTRATOR OF ESTATES APPRAISER LABOUR CONSULTANT

**HEINRÉ DE BRUIN**  
Die Moeitedoener



Kontak my vir 'n Mediese Skema of Skemaversterker wat so omvattend moontlik aan u behoeftes voldoen, teen 'n prys wat u sak pas.

082 953 3222 / 053 531 0003

Finansiële Diensverskaffer – Lisensie 8840

# Eskom: ANC nie in staat om so 'n industrie te bestuur nie

Die uitspraak van die voormalige ANC-minister van finansies, Pravin Gordhan, dat mense met kennis en ondervinding by Eskom heraan gestel moet word, het groot opslae gemaak. Ingeligte bronne sê Gordhan het ook blanke kundigheid bedoel. Die ANC-staatshoof, Cyril Ramaphosa, is geensins ten gunste van blanke aanstellings nie.

Eskom het intussen 'n tariefverhoging van 9,4% aangekondig. Dit volg op die verhoging van 4% in Oktober verlede jaar.

Die onderleier van die HNP, mnr Fritz van Graan, sê daar is veel meer drastiese optredes nodig om die elektrisiteitsverskaffer weer op standaard te kry. Besparing is die eerste vereiste. Dit vereis dat oortollige personeel summier afbetaal moet word.

Gratis dienslewering aan swart woongebiede moet onmiddellik gestaak word. Die bestuur by enige maatskappy se plig en verantwoordelikheid is om uitstaande skuld in te vorder. As dit nie gedoen kan word nie, moet die dienslewering gestaak

word. Die goedkoop prys waarteen elektrisiteit aan buurstate verkoop word, is nie aanvaarbaar nie.

Die ANC het 'n kultuur van geen betaling by die Swartes geskep. Daar is oor en oor belowe dat 'n ANC-bewind gratis in die swart bevolking se behoeftes sal voorsien. Hierdie kultuur het nou die ANC ingehaal. Die Witman en apartheid kry steeds die skuld vir die toestand in plaas daarvan dat die wanbestuur en onwettige kontrakte en mynlisensies en wanbetaling reggestel word.

Mnr Van Graan sê die ANC het die staat in so 'n enorme skuldvas gedompel dat die staat beswaarlik die rente op sy skuld kan betaal. Dit is nie moontlik om Eskom ook nog finansiële staande te hou nie.

Dit is ook opvallend dat daar 'n korrelaat tussen beurtkrag en kabeldiefstal is.

Hoe die toestand ookal ontleed word en die foute wat reggestel moet word uitgewys word, is dit duidelik dat die ANC nie die vermoë het om 'n komplekse industrie soos Eskom te kan bestuur nie.



## Coligny-uitspraak skok vertrouwe in regstelsel

Die skuldigbevinding en vonnisse van Pieter Doorewaard en Philip Schutte van Coligny skok die vertrouwe in Suid-Afrika se regstelsel, sê mnr Andries Breytenbach, leier van die HNP.

Hulle is skuldig bevind aan moord op 'n swart jeugdige wat hulle in die landerye gevang het omdat hy gesteel het. Volgens hulle getuienis het hulle die Swarte gevang om hom na die polisie te neem. Hy het van die bakkie afgesprong en na sy dood geval. Doorewaard is tot 18 jaar en Schutte tot 23 jaar tronkstraf gevonniss.

Die skuldigbevinding is gemaak op grond van 'n getuie wat beweer het dat hy gesien het hoe hulle die gevange van die bakkie afgegooi het wat tot sy dood gelei het. Hy het voor die vonnisoplegging aan twee pastore erken dat hy tydens die verhoor gelieg het.

Mnr Breytenbach sê in die vorige bedeling onder die blanke bewind sou die regbank nie op so 'n getuie ag geslaan het nie. Die getuienis was deurgaans verdag.

Kundiges wys ook daarop dat Oscar Pistorius na die moord op Reeva Steenkamp aanvanklik vir vyf jaar

tronkstraf gevonniss is. Na appèl van die staat is dit tot 13 jaar verhoog. Die strawwe van 23 en 18 jaar in vergelyking met dié van Pistorius is vreemd.

Mnr Breytenbach sê die getuie moes gearresteer gewees het en vir meened aangekla gewees het. Die staat moes voor die vonnis opgetree het om die saak na behore te ondersoek.

Intussen het die beskuldigdes appèl aangeteken. Indien die appèl slaag dat die uitspraak swak was, stel dit hulle natuurlik in staat om teen die staat te eis.


### Werda Gastehuis

- \* Akkommodasie in Upington.
- \* Gratis parkering op perseel.
- \* Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
- \* Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
- \* Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934

admin@werdakamers.co.za

# Woord en wêreld



## Jesus het reeds gely sodat ons vry kan wees

deur Dr Müller Pretorius

In die vorige uitgawe het ons daarop gelet dat ons sol-date vir Christus is en dat ons meer as oorwinnaars is deur Hom wat ons liefgehad het. In die kerklike jaar is ons nou in die 7 lydensweke voordat ons met Goeie Vrydag Jesus se kruisiging herdenk om op Paassondag sy op-standing uit die dood te herdenk. Met hierdie lyding van die Seun van God het Hy die volle prys betaal sodat Gods uitverkorenes vry kan wees van die ewige dood wat die deel is van alle mense wat nie glo in Jesus Christus nie (vgl. Joh. 3:36). In hierdie artikel let ons daarop dat ons as Christene reeds vry is, selfs terwyl ons nog hier op aarde is en dat ons in daardie vryheid moet leef en dit moet toon deur ons blymoedige lewe. Wanneer ons vry moet leef, is dit belangrik dat ons eers kyk na wat is die dinge wat ons onvry maak, m.a.w. dinge wat ons bind en waarvan ons losgemaak is deur Christus se sterwe. Daarna sal ons kyk hoe ons vry kan leef.

Vir ons as mense hier op die aarde is daar baie wat ons toelaat dat dit ons bind en ek gaan net sekere belangrike dinge noem sodat onself ook kan kyk watter ander dinge besig is om ons te bind. In sy boek (2015) “Omdat jy vry is” met subtitel “Ontsluit jou ware vryheid in Christus”, skryf dr. Jan du Rand dat ware Christelike vryheid ontvou in drie fases, naamlik:

- 1) om jou los te maak van jou ou self en van allerlei gewigte wat jou net wil afrem;
- 2) om jou te begelei van die oue na die nuwe oor die brug Jesus Christus en
- 3) om dan weer vasgebind te word aan jou nuwe self in ‘n nuwe leefstyl.

### Gewigte

Van die gewigte wat mens afrem kan dan sekere dinge genoem word wat Jesus ook tydens sy aardse omwandel-ing veral in sy bergrede (Matt. 5-7) as foute genoem het soos wettisisme, kwaadpraat of skinder, bekommernisse te hê, verknogtheid aan aardse besittings en status, seksbehepthed en oor beklemtoning van die uiterlike en die liggaamlike.

Dit is tog nodig dat ons by sommige van hierdie dinge sal stilstaan sodat ons vir onself kan seker maak dat ons nie dalk onbewustelik ook deur hierdie dinge afgerem word nie. Kom ons begin maar met skinder,

wat ons so maklik doen sonder dat ons dit eintlik as verkeerd beskou of beleef. Matt. 7:1-5 sê dat ons nie moet oordeel nie om die eenvoudige rede dat ons dit aan God moet oorlaat om dit te doen, want Hy alleen is daartoe in staat omdat Hy die enigste volmaakte wese is. Ons is onvolmaak en het dus nog altyd ‘n splinter of selfs ‘n balk in ons oog a.g.v. ons onheiligheid. Dit beteken egter nie dat die Christen nie moet standpunt inneem teen die oortreding van die wet van die HERE nie. Daaroor swyg ons so maklik omdat ons nie moeilikheid wil veroorsaak nie. Volgens Eseg. 3:18 is ons as gelowiges almal ons broer se wagters en moet ons hulle waarsku anders kan hulle bloed van ons hand geëis word. Ons moet dus eerder die pad van Matt. 18:15-17 volg waarin ons gevra word om ons met ons mede-gelowiges te versoen.

Dan raak ons ook so maklik bekommerd oor alles wat deesdae op politieke en morele gebied gebeur. Ons mag egter nie daarvoor bekommerd wees nie, want God bly ten spyte van die korrupsie en die onsedelikheid wat daar mag plaasvind in beheer, en sal ook in beheer bly tot by die eindoordeel — wanneer dit ook al mag wees. Ons kan in elk geval nie een el by ons lengte byvoeg (Matt. 6:27) deur ons oor iets te kwel nie. God versorg ons tot in die fynste besonderhede en sal ons ook in alle omstandighede beskerm en bewaar. Daarom hoef ons ook nie skatte bymekaar te maak of enigsins daarop te vertrou nie. Nie ons rykdom of ons status in die samelewing kan ons red nie, maar slegs Jesus Christus wat gely en aan die kruis gesterf het, het ons volkome verlos en vrygemaak.

Die vrees wat ons somtyds het om dood te gaan of om dalk gediagnoseer te word met een of ander terminale siekte soos kanker, kan ook ‘n gewig wees wat ons bind en ons dan onvry laat voel. Die gelowige hoef nie die fisiese dood te vrees nie, want ons besit reeds die ewige lewe en om te sterf, beteken maar net om ‘n volgende fase van ons lewe in te gaan om vir ewig by die HERE te wees en saam met Hom te regeer (2 Tim. 2:12). Ons moet dus bewus van al hierdie dinge bewustelik stry teen al hierdie gewigte wat ons afrem sodat ons waarlik vry kan wees en as vry mense in hierdie deurmekaar wêreld kan lewe omdat ons seker is daarvan dat Jesus se lyding en sterwe vir ons ten goede is.





## Nuwe items by skolesport

Sarel het kennis geneem van die geskarrel oor die kwotastelsel vir skolesport. Veral die opmerkings oor wat vir atletiek op skoolvlak gedoen word, was opvallend. Nee! Veral die opmerkings oor wat nie gedoen word nie, was betekenisvol.

Sarel kon dit nie glo toe hy lees dat die agtergeblewenes nie deelneem aan hamergooi en paalspring nie. Selfs gewigstoot is genoem as een van die items waar die agterblyers nie deelneem nie.

Dit laat Sarel toe onthou wat wyle mnr Jaap Marais tydens die Swapo-verkiezing destyds in SWA gesê het: "As jy kan regop loop, kan vuur maak en met 'n klip kan gooi, dan mag jy stem".

Hoekom word klipgooi nie nou 'n amptelike item in Suid-Afrikaanse atletiek nie? Dan kan die agterblyers mos die kans kry om voorgooiers te word.

## Swart ekonomiese bemagtiging (SEB)

Die leier van die VF++ het raakgevat oor die begrip BEE, in Afrikaans SEB. As ons dit vertaal, staan dit eintlik vir swart ekonomiese bevoordeling.

Dit is darem 'n skande dat apartheid (wat reeds in 1966 na die moord op dr Verwoerd stuk vir stuk afgebreek is) vandag nog die skuld kry vir al die mislukkings wat onder die ANC-regime plaasvind. Die ANC het nou al vir 25 jaar die politieke mag, maar as iets misluk, is dit apartheid se skuld. As mense nie wil werk nie, is hulle agterblyers.

Maar die arm blanke onderdruktes wat na al die verkeerd-stellende aksies hulle werk verloor het, kry nie simpatie nie.


Sarel wil tog weer die lesers herinner aan die ekonomiese sukses onder dr Verwoerd se apartheid. Die groeiakoers was 6%. Inflasie was 2%. 74% van nuwe arbeid kon jaarliks in die formele sektor geakkommodeer word.

Maar belangrik: die Swartes se ekonomiese groeiakoers was aansienlik hoër as dié van die Blankes. So het apartheid die swart bevolking opgehef.

# Dié Land is ons Land!

Nommer 1

## Die Republiek van Suid-Afrika met die tuislande



Só het die Republiek van Suid-Afrika voor 1994 gelyk. Die swart gedeeltes dui die swart tuislande aan. Suid-Afrika was 'n Eerste Wêreldland met verbasende ekonomiese sukses, vrede, goeie volkereverhoudings en bykans geen werkloosheid nie. Suid-Afrika is bestempel as "‘n voorbeeld van skitterende vrede op ‘n bevoerde kontinent'". (Rand Daily Mail, 30 Julie 1966)

Suid-Afrika is die vaderland van die Afrikanervolk.

Nou word die propaganda gemaak dat die Witman dié land van die Swartes gesteel het. Dit is leuens! Baie mense glo die leuens, ook sommige Afrikaners en ander Blankes.

Die ANC maak wette om die Afrikaner en die Witman se wettige grondbesit sonder vergoeding van hom te vat. Om iemand se eiendom te vat sonder om hom daarvoor te vergoed, is diefstal. Dit beteken dat diefstal deur wetgewing regverdig gaan word.

Daar is baie geskiedkundige bronne waarin die korrekte feite weergegee word hoe die Witman dié land uit die wildernis ontworstel en dit sy land en eiendom gemaak het. Daarteenoor het geen swart leier nog enige historiese bewyse gebring wat die teendeel bewys nie.

Die HNP sê: **Dié Land is ons Land!**

*Die Afrikaner* gaan gereeld kort stukke publiseer om die leuen, dat ons die land gesteel het, te ontbloot.

# Die Slag van Majuba Herdenk

**Die Slag van Majuba op 27 Februarie 1881 word jaarliks op 'n naweek naby die datum 27 Februarie op die Majuba-feesterrein herdenk. Dit het vanjaar van 1 tot 3 Maart plaasgevind.**

**Verskillende Afrikaner-organisasies kry jaarliks die geleentheid om die fees te reël en aan te bied. Die Majuba-trust het dit vanjaar self aangebied.**

**Hiernaas is enkele foto's van dié luisterrike geleentheid.**

*Foto's: Mnr Johan Wiesner*



*Die HNP se tafel het baie interessantheide gehad. Veral die pette met die Vierkleur en die ou Landsvlag op en lapelspelde van dieselfde vlage het groot byval gevind.*



*Sommige formele geleenthede soos die kerkdiens word in die saal aangebied, maar meeste van die aktiwiteite vind op die oop terrein aan die voet van Majubaberg plaas. Belangstellendes, wat veral die kinders interesseer, klim saam die berg uit. Bo-op die berg word die geskiedenis van die Slag van Majuba vertel. Mnr Andries Breytenbach, lid van die Trust, het vanjaar dié vertelling behartig.*



*Mnr Fritz van Graan, onderleier van die HNP, was by die HNP se tafel hard aan die werk. Saam met hom is sy regterhand, mnr Martin Buys.*



*Verskeie organisasies en individue het die voorreg om hulle tente en tafels op te slaan en daar hulle produkte te verkoop. 'n Waardevolle diens word gelewer deur te sorg vir genoeg en lekker eet- en drinkgoed.*